

Skriflesing: Lukas 8:40-56; Romeine 8:18-30

Teks: Lukas 8:44,46

Sing: Ps. 89:1,3; Ps. 77:2,3; Ps. 123:1,2; Ps. 103:2

Luk 8:40 En toe Jesus terugkom, het die skare Hom verwelkom; want almal was Hom te wagte.

Luk 8:41 En daar kom 'n man wie se naam Jaïrus was, en hy was 'n owerste van die sinagoge; en hy val voor die voete van Jesus neer en smeek Hom om na sy huis te kom;

Luk 8:42 want sy enigste dogter van omtrent twaalf jaar het op sterwe gelê. En terwyl Hy gaan, het die skare Hom verdring.

Luk 8:43 En 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie,

Luk 8:44 het van agter af gekom en die soom van sy kleed aangeraak, en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou.

Luk 8:45 Daarop sê Jesus: Wie is dit wat My aangeraak het? En toe almal dit ontken, sê Petrus en die wat by hom was: Meester, die skare druk en verdring U, en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het?

Luk 8:46 Maar Jesus antwoord: Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het.

Luk 8:47 En toe die vrou sien dat sy nie verborge gebly het nie, kom sy bewende en val voor Hom neer en vertel Hom voor die hele volk om watter rede sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.

Luk 8:48 En Hy sê vir haar: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.

Luk 8:49 Terwyl Hy nog spreek, kom daar iemand van die owerste van die sinagoge se huis en sê vir hom: U dogter is dood, moenie die Meester lastig val nie.

Luk 8:50 Maar toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom en sê: Moenie vrees nie. Glo net, en sy sal gered word.

Luk 8:51 En toe Hy in die huis kom, het Hy niemand toegelaat om in te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes en die vader en die moeder van die meisie.

Luk 8:52 En almal het gehuil en oor haar rou bedryf. Maar Hy sê: Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap.

Luk 8:53 En hulle het Hom uitgelag, want hulle het geweet dat sy dood was.

Luk 8:54 En toe Hy almal na buite uitgejaag het, gryp Hy haar hand en roep uit en sê: Dogtertjie, staan op!

Luk 8:55 En haar gees het teruggekom, en sy het onmiddellik opgestaan; en Hy het beveel dat hulle haar iets te ete moes gee.

Luk 8:56 En haar ouers was verbaas, maar Hy het hulle bevel gegee om aan niemand te sê wat gebeur het nie.

Rom 8:18 Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

Rom 8:19 Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.

Rom 8:20 Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het

Rom 8:21 in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.

Rom 8:22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

Rom 8:23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.

Rom 8:24 Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?

Rom 8:25 Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding.

Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Rom 8:27 En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

Skriflesing: Lukas 8:40-56; Romeine 8:18-30

Teks: Lukas 8:44,46

Sing: Ps. 89:1,3; Ps. 77:2,3; Ps. 123:1,2; Ps. 103:2

Ons weet nie wat hierdie vrou se naam was nie. Broeder en suster, wat ons wel weet dat sy al vir twaalf jaar haar siekte moes dra. 'n Siekte genaamd bloedvloeiing, wat haar in die Jode se oë 'n onrein mens gemaak het. Sy wat aan niemand mag raak nie en almal wat aan haar raak is onrein. Haar siekte tel teen haar, maar ook haar mens-wees, haar vrou-wees. 'n Vrou in die Joodse kultuur van daardie tyd moes op die agtergrond bly. Hulle mag hulleself hoegenaamd nie in die geselskap inwurm nie.

Hierdie vrou wat ons die verhaal van verskillende kante uit die verskillende evangelies lees, was al van dokter na dokter. Elke keer 'n ander medisyne maar alles verniet. Sy het al haar gelde al daarop gespandeer en Markus skryf dat haar sieke oor die jare al hoe erger geword het. Nou kom die dag wat sy seker só na verlang het. Ons kan aanvaar dat sy het vantevore van Jesus gehoor en sou baie graag by Hom wou uitkom.

Dan is daar dié dag wat Jesus eintlik nie by haar was nie, maar tog was Hy daar waar sy net naby Hom wou kom. Jesus was omring deur die gedrang van baie mense. Jesus is eintlik op pad om 'n ander wonder te doen. Om die dogtertjie van Jairus te genees en nou op pad, kan ons dit stel, is sy in die pad. 'n In die pad wees wat sy gehoop gou sal verby wees. Vir God is geen van sy kinders in die pad nie, al mag God dalk op pad wees. As ek Hom maar net kan aanraak dan gaan ek hopelik reg wees en weer weg wees. Dan gaan niemand my sien nie. Al wat sy gehoop het, was om tussen hulle almal deur te beur, net naby genoeg dat sy aan Hom kan raak. En so, sy kry dit reg. Skielik is Hy hier voor haar. Sy sien die soom van sy kleed. Sy ruk aan sy soom se kleed. 'n Pluk aan sy mantel en dis dit.

Die mantel is 'n Joodse kleed waarvan ons weet aan sy soom rooi en blou tossels aan vasgewerk was. Ja, die Joodse kleed was die tossels so gerangskik, dat dit alles teken was van die Wet. Op 'n keer het ons gekyk hoe die kleed van die priester omring was met klokkies en granaatjies. Die tossels teken die Wet. Die Wet wat herinner aan hoe onrein die mens is. Daar waar die tossels is, aan die soom raak sy. Daar raak sy aan Hom, aan Hom wat sy kleed nie die Wet verwerp nie, maar Hy is die vervulling van die Wet. Sy raak aan meer as aan die Wet. Sy raak aan Jesus Christus Self.

Die werklike aanraking is om deur die Wet by Christus uit te kom. Die pad wat die mens met die Wet moet loop. Die Wet is ons tugmeester na Christus toe (Gal 3:24). Dit kan ook vertaal word dat die Wet is ons pedagoog na Christus toe. 'n Pedagoog, of soos die begeleiers in die Grieks genoem word, 'n *pedagoge*, was die man wat gewoonlik deur ryk mense aangestel was om vir hulle kinders 'n oppasser te wees. So 'n oppasser het die kinders op pad skool toe vergesel, wanneer die kinders uit die huise moes gaan, terwyl dit nog baie donker was, dan was hulle tugmeester, hulle *pedagoge* saam met hulle. Baie kere was hy ook die een wat die lampe en die fluite vir hulle saamgedra het. Dan het die kinders ook by hulle *pedagoge* geleer om fluit te speel. Terloops, Jesus verwys in Matt.11 hoe kindertjies op die markte fluit speel en na hulle maats roep. Die een wat die begeleiding doen sodat die kinders die fluite kon speel was hierdie *pedagoge*.

In Gal 3:24 dan sê Paulus dat die Wet is ons tugmeester, ons pedagoog na Christus toe. Die Wet lei ons soos 'n begeleier, 'n onderwyser. Deur die Wet word ons in toom gehou en vermaan en bestraf. Dieselfde Wet, soos ons in Sondag 2 van die Kategismus ook bely wys ons ons eie sonde, ons eie swakheid, ons onmag. Deur die Wet leer 'n mens werklik jou ellende ken en dieselfde Wet laat jou besef hoe noodsaaklik dit is dat daar verlossing moet kom. Ek kan myself nie verlos nie.

Wanneer die vrou aan die soom van Jesus raak, sy raak as't ware aan die Wet dan kan al hierdie dinge wat die Wet vir ons sê, oor haar gesê word. Die ruk aan die mantel van Christus is 'n erkenning van twaalf jaar se hulpelose gely, die raak aan sy soom is ek kan myself nie red nie, ek en geen dokter kan my help nie. My eie onmag, my ellende, alles staan voor my afgeteken, die oomblik as sy aan sy soom raak, dan is dit 'n werklikheid wat haar omring.

Die Wet alreeds in die Ou Testament wat die mens na Christus wou lei. Al die offers van die Wet was bedoel om te wys wat Christus vir ons sal moet doen. Die soom van Christus wat die trossels van die Wet dra. Wanneer sy aan sy soom raak, dan word sy deur Christus geraak. Wanneer die Wet jou werklik aanraak, dit is presies wat met die vrou gebeur, dan word sy bewus van sy is genees. Die Evangelie staan nie in spanning met die Wet nie. Die Wet is nie in die pad van die Evangelie nie. Wet en Evangelie is een, wanneer Christus met ons Één is. In die volste geheim wat met die vrou gebeur, was daardie soom vir haar die tugmeester na Christus toe. 'n Pluk aan sy mantel laat haar die vrug van die Evangelie pluk. Sy word dadelik genees- ons lees *haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou*.

Die Wet as tugmeester na Christus toe, Christus draai om en soos 'n Onderwyser, ja die groot Leermeester vra- *Wie is dit wat My aangeraak het?* Die skare is dadelik verbaas en ontkenkend. Petrus laat soos 'n verontwaardigde kind van hom hoor- *Meester, die skare druk en verdring U en U sê: Wie is dit wat my aangeraak het?* Jesus laat Petrus goed verstaan, dit gaan nie maar net oor my aanraak nie, maar die ware aanraak, dit wat Jesus uit Homself sien gaan het. Jesus sê- *Ek het gemerk dat krag van my uitgegaan het...*

En dan is dit asof die vrou besef dat sy sal nie maar net kan wegraak nie. Dit is asof sy weet Jesus sien my. Dit is vir haar of daar meteens niemand meer is nie. Net sy en Jesus. Die vraag was hoe lank moes sy so ly sonder dat iemand haar sou raaksien. Dit wat haar uitgeslote uit haar gemeenskap gelaat het. Sy kan nie wegkruip nie, so min soos die eerste mensepaar vir God in die paradys sou kon bly wegkruip. Bewende kom sy na vore en vertel haar hele verhaal. Sy vertel dit voor almal, voor Christus en vóór die hele volk *om watter rede sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik genees geword het*.

Ja, geliefdes, die pluk aan die mantel, was eintlik haar woordelose gebed. Hoe sy moes bid, hoe sy kon weet om reg te bid, dit weet die mens nie uit hom/haarself nie. Dit kan ons uit onself nie reg doen nie. Die krag wat van die Here uitgaan, is die Heilige Gees wat uitgaan en die mens word die ontvanger van God se krag. Luister weer na Rom 8:26-28 en moeilik sal ons 'n beter toepassing vir hierdie verse kry as die vrou van ons teks. **26** *En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.* **27** *En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges*

intree.²⁸ En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Geliefdes, die vrou wat genees is, het hierdie pad deurloop. Die Gees wat ons swakhede ken, daarom dat Christus haar in haar swakheid te hulp kom. Hoe lank sy vir genesing sou bid, in haar swakheid dalk verkeerd sou bid was dit steeds God wat haar in haar swakheid te hulp gekom het. Die Heilige Gees tree vir ons met onuitspreeklike sugtinge. Toe die vrou nie weet wat om te sê nie, het die Gees haar na vore laat kom. Die Heilige Gees wat ons sugtinge ken, onuitspreeklik maak die Gees ons sugtinge sy sprekinge. Daar waar die Gees onuitspreeklike sugtinge as gebed ons gebed maak, daar tree die Gees vir ons in.

Hy wat weet hoe lank hierdie vrou gely het, Hy wat haar hart net soos Hy u en my hart deursoek. Die Gees het geweet wat die bedoeling van die vrou was, presies wat die pluk aan die mantel beteken. Daarom het die Gees ooreenkomstig die wil van God vir hierdie vrou kon intree. Die volheid van wat ons in Romeine 8 hoor is oor hierdie vrou nie stil nie. Ná twaalf jaar, 'n lang tyd wanneer 'n mens die hele tyd dieselfde siekte net in erger en erger mate beleef. Die vrou wat na alles sou kon sê dit alles het ten goede meegewerk. Sy wat as uitverkorene 'n geroepene van God is. Sy word hier na vore geroep en wat die Here haar nou sê is wat werklik die goeie na twaalf jaar net sterker en sterker maak. *Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.*

Twaalf jaar lank het die siekte gebly, het sy gely, wat moes sy bid? Die vraag aan die mense kant is later nie net meer wat ek moet bid nie, soos die jare sou aanstap kan dit word 'n vraag-hóé kan ek nog bid? Dit is alleen God wat ons dit kan leer. Die WAT ONS MOET BID en HÓÉ ONS MOET BID, is nie altyd so maklik om te antwoord nie. Ons moet bid na die wil van God, dit moet voorop staan, maar hiermee saam is daar lyding en sugtinge wat kreunend en kermend ons nood verder en verder verdiep.

In Romeine 8 sien ons en hoor ons dit van drie kante. Die sonde in die paradys was nie paradys gebonde nie. Dit het die hele aarde onder 'n vloek geplaas. Die grond het nou ook draer geword van dorings en distels. Die mens het tot die grond toe gesondig. 'n Gegradeerde mensdom het sy habitat aan sy degradasie onderwerp. Daarom wag nie net die mens op bevryding en verlossing nie, daar is 'n hele skepping wat in nood verkeer. 'n

Skepping soos ons in Rom.8 lees wat hoop om self vrygemaak te word, vry van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid. Iets waaraan die mens dan ook weer aan kan deel. Die beeld van 'n vrou in barensood word nou die skeppings beeld. Die hele skepping sug tesame en is tesame in barensood tot nou toe.

Dan is Paulus by die tweede kant van wat ons moet bid, hoe ons moet bid, waar dit dan om die mens gaan. Ja, die gelowige mens, besonder die mens wat die eersteling van die Gees het. Sulke mens ontvang die beste van God, die eersteling van die Gees is die Gees Self, die keur van God se seëninge, maar hulle sugtinge is nie sagter nie. Ons lees van hierdie vrou maar ook ons eie sugtinge- *ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam*. Dit is wat met hierdie vrou hierdie dag gebeur. Vir twaalf jaar het sy daarná uitgesien dat God aan haar sal bekendmaak dat Hy haar as sy kind aangeneem het. God het haar van haar kwaal verlos. Presies wat in Rom 8 ook bedoel word as ons lees- *ons word van die verganklikheid bevry...*

Die vrou het nie verniet nader gekom nie. Die pluk aan die mantel was nie maar ydele hoop nie. Daar waar ons aan die soom van God kan raak daar gebeur groot dinge. Heilige oomblikke breek aan. Die teenwoordigheid van God het Jesaja gesien as 'n goddelike soom. Jesaja het met sy roeping die Here gesien op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Selfs wanneer mens aan die soom van 'n ander mens geraak het, het daar 'n boodskap uitgegaan. Dawid wat agter die spelonk vir Saul weggekruip het. Toe kom Saul dieselfde spelonk binne. Dawid het sy boodskap aan Saul met die soom van sy kleed bevestig. Hy het stilletjies die slip van sy mantel afgesny. Hiermee kon Dawid wys hoe naby hy aan Saul was, Saul wat hom wou dood, Dawid het Saul, die gesalfde van God nie om die lewe gebring nie. Ja, die vrou wat die soom aanraak, is al wat sy gedoen het. Sy het dit nie gesny nie. Die sny wat daar by Jesus sou kom, sou later kom. Aan die kruis sou Hy fyn gesny word. In sy snyding lê die bevestiging van sy nabyheid aan ons, maar ook sy kom in ons plek.

Die verhaal van die pluk aan die mantel kan ons ook by Elia en Elisa vind. Elia wat op die punt was om na die hemel op te vaar. Elia laat sy mantel spreek. Deur sy mantel het hy die rivier se water verdeel. Hy en Elisa is daar droogvoets deur. En dan as Elisa sy begeerte uitspreek voor Elia opvaar, dan vra hy dat daar 'n dubbele gees van Elia op hom, Elisa sal kom. As die wa van vuur met perde Elia na die hemel opneem en Elia vaar weg, dan tel hy

die mantel op wat van die vurige wa geval het. Die mantel was die bevestiging van God het wel Elia opgeneem, maar die Gees van God was deur die mantel afgeteken. Die Gees het nou op Elisa gekom. Die studente was verniet bekommerd dat God dalk Elia langs die pad of op ander vreemde plekke kon neersit. Elia was nou waar God hom wil hê, Elisa moes die mantel in sy volle some verder vat.

Die Gees van God was in die some van Jesus se kleed. Die Gees wat die krag daarin werk, is dieselfde Gees wat weet wat ons bid en hoe ons bid. Die WAT en die HOE wat by ons in swakheid en gebrokenheid geskied, die *Gees kom ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees Self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.* Hierdie vrou in haar bloedvloeiing genees is bevestiging van dat die Gees weet. God wat die harte deursoek weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat die Gees ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree. Dit is al wat ons nodig het.

Vir twaalf jaar sou die vrou worstel met wat is God se wil met my. Sy sou wonder oor hoekom word ek nie genees nie. Die Gees ken God se wil. Al weet ek nie wat God se wil is nie, die Gees weet dit. Daarom is ons elkeen se gebed vanuit Rom 8 gesien, eintlik nie 'n gesprek in die eerste plek tussen mens en God nie, maar in der waarheid 'n gesprek van God met God. Daarom dat daar in die gebed wat vanuit die Gees geskied niks misgeloop kan word nie. Niks kan in so 'n gebed vir die kind van God verkeerd loop nie. Waar die Gees intree, waar God met God praat, kan dit nie anders *dat alles ten goede sal meewerk vir hulle wat na sy voorneme geroep is...* Die raak aan die soom word 'n krag, die pluk aan die mantel is lankal reeds 'n krag. Elkeen van ons gebede, mag dit by die some van God se kleed uitkom, die some wat die tempel kan vul, ja mag dit die mantels van God se heiligheid aanraak, al weet ek nie presies wat ek moet bid nie, moet net nié ophou bid nie.

Ons sluit af- Daar mag die begaafde bidders wees, maar is dit nie beter om 'n behoeftegebidder te wees nie?! As ek stamel, as ek sug, as ek kniel, ek weet nie wat om te bid nie, dan is dit die gebed wat reggemaak kan word. Die een wat aanvaar sy gebede is reg. Pasop vir hom. Die Fariseër wat sy gebede as reg beskou, die tollenaar wie se gebed net 'n slaan op die bors was, wees my sonder genadig! Wie se gebed was werklik reg? Die vrou wat haar bloed nie kon keer nie, sy kon haar hand ook nie keer wat die soom aanraak nie, maar juis was haar uitgestrekte hand 'n gebed sonder woorde, maar dit was gedoen in die wete en in die sekerheid dat God weet. God verstaan, God gee haar na haar behoefte.

Jesus noem so 'n houding *geloof*. *Jou geloof het jou gered. GELOOF-* Daarmee kan die mens nie presteer nie, maar daarmee kan die mens bid. Geloof is 'n ingesteldheid teenoor God. Geloof is selfkennis, ek weet nie meer, niemand kan my help nie, maar God weet en God kan help. Sy het gewaag om die tossels van die Wet aan te raak, maar vir haar het dit nie gegaan om die tossels van die Wet nie, vir ons moet dit ook nie daaroor gaan nie, maar Hy wat die tossels van die Wet dra, Jesus Christus, dit is om Hom wat dit alles gaan. Hy wat geloof geen waagstuk maak nie, Hy wat haar gesond maak terwyl mense haar onrein wou maak. Jesus verklaar haar nie onrein nie, Hy verklaar haar- *GELOWIG- Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.* En sy het werklik kon gaan, soos ons ook nou kan gaan, met die wete die Gees tree vir ons, dit met onuitspreeklike sugtinge. Watter voorreg om te weet hierdie vrou se hand het gebid, nie haar mond nie, maar ook wanneer ons monde bid, hand en mond tesame, dat die Heilige Gees die taal van die hand en die mond interpreteer, dat dit kan word, hemelse taal, God se taal, waar God dit hoor.

AMEN